

**Veilig by ons Hemelse Vader**

Worsteling was daar: dalk met sonde, swaarkry, siekte of die dood. Vrae was daar: Here, waarom? Waarom ek? Waarom nou? Waarom so? Nou is daar berusting. Ek is nie meer so hoogmoedig en vol selfverheffing deur met die Here te baklei en antwoorde te eis nie. Daar is maar net dinge wat bo my vermoë is en dit help nie om daarvoor besorg te raak nie.

Hierdie stryd in Dawid se gemoed kán die stryd van elke gelowige wees, en die groot insig wat Dawid kry, móét die van elke gelowige wees. Dit help nie om van God antwoorde te eis nie. Dawid besef God *is* die antwoord. Daarom vergelyk hy homself met 'n gespeende kind wat teen sy ma se bors lê. Sy ma se bors is nie meer die bron van kos wat korttermynbehoefes bevredig nie. 'n Pasgebore baba wil net melk hê, anders gil hy. As hy nie meer melk by sy ma kry nie, ontdek hy die veiligheid en liefde wat sy ma se aanraking en nabyheid gee, is steeds daar. Dawid kan by sy hemelse Vader lê en weet Hy is lief vir hom, Hy dra hom en Hy druk hom teen sy bors soos 'n moeder haar kind. Hy sorg vir hom, al kry hy nie onmiddellik alles wat hy wil hê nie.

Sy hele volk, vra Dawid, moet leer om so in die sekerheid van sy versorging te wag op die Here, al is daar nie melk soos by die geringste gil van 'n honger kind nie. So moet ons leer om berusting te kry aan die bors van 'n hemelse Vader wat in Christus liefde bewys, waarvan niks ons kan skei nie.

*Sing: Psalm 128:1-4*

*Ds Alwyn Tredoux (Vaalpark)*